# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

11 April 2025

Geagte ouers/voogde

**NUUSBRIEF 13/2025**

Ek wil my opregte dank uitspreek aan elke ouerhuis na 'n baie suksesvolle kwartaal 1. Dankie vir elke ouerhuis se positiewe benadering tot die skool en die onderwysers. Ons sien uit na 'n bedrywige kwartaal 2.

"Ouers en onderwysers is op die einde van die dag net doodgewone mense wat probeer om die beste moontlike hulp vir kinders te bied. Dit gaan soms gebeur dat 'n onderwyser en ouer verskillende verwagtings het, maar dit is waar kommunikasie, begrip vir die ander persoon se omstandighede en geduld met mekaar inkom." – *(Mnr. Louis Dekker, uitvoerende hoof van Gimnasium Pta).*

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

- **OUERAAND**
  Ons oueraand vind plaas Maandag, 14 April 2025 (17:00 – 19:00). Alle ouers is welkom om die oueraand by te woon. Parkering is op die twee kerkterreine.
  - **Graad R – 3**
    Elke personeellid is in hul onderskeie klasse beskikbaar.

  - **Graad 4 – 7**
    Afrikaans, Engels en Wiskunde het betrekking:
    ✓ Graad 4-personeel is in die skoolsaal;
    ✓ Graad 5-personeel is in klaskamer 38;
    ✓ Graad 6-personeel is in klaskamer 32;
    ✓ Graad 7-personeel is in klaskamer 29.

    Die volgende personeel is in die skoolsaal:
    ✓ Mnr. Van der Westhuizen
    ✓ Mev. Otten
    ✓ Mej. Francis

    Die res van die graad 4- tot 7-personeel sal in hul klasse beskikbaar wees.

  - **Villies-Klerehub**
    Ons Klerehub sal ook oop wees gedurende die oueraand vir belangstellende ouers.

- **<u>COMMUNICATOR</u>**
  Vir ons nuwe ouerhuise, neem kennis dat ons skool gebruik maak van die **<u>blou</u>** d6-Communicator wat op "Slim"fone, sowel as u rekenaar geïnstalleer kan word. Daaglikse gebeure volgens die kalender asook dringende boodskappe word gewoonlik daardeur gekommunikeer.
  *<u>Volg die volgende stappe om die "Toep" af te laai:</u>*
  Gaan na Google Playstore en soek na die d6-School Communicator.
  Gaan na <u>www.school-communicator.com/download.php</u> en volg die instruksies vir installasie op u rekenaar.

- **<u>SKOOL EN NASKOOL GESLUIT (Publieke- en skoolvakansiedae)</u>**
  Die skool en naskool sal gesluit wees op die volgende datums gedurende April en Mei 2025:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ | Vrydag, 18 April 2025 | Publieke vakansiedag | Goeie Vrydag (Paasnaweek) |
| ✓ | Maandag, 21 April 2025 | Publieke vakansiedag | Familiedag |
| ✓ | Maandag, 28 April 2025 | Publieke vakansiedag | Vryheidsdag *(Sondag, 27 April 2025)* |
| ✓ | Dinsdag, 29 April 2025 | "Special school holiday" | Deur Dept. van Onderwys ingestel. |
| ✓ | Woensdag, 30 April 2025 | "Special school holiday" | Deur Dept. van Onderwys ingestel. |
| ✓ | Donderdag, 1 Mei 2025 | Publieke vakansiedag | Werkersdag |
| ✓ | Vrydag, 2 Mei 2025 | "Special school holiday" | Deur Dept. van Onderwys ingestel. |

**<u>HEKKE (Graad 4- tot 7-ouers/-voogde)</u>**

Daar sal daagliks wanneer die leerders verdaag, 'n onderwyser by al die hekke wees vanaf 13:30 – 13:40. Daarna word die hekke gesluit. Indien u enkel kere weens onvoorsiene omstandighede nie betyds is om u kind(ers) by 'n hek op te laai nie, sal die leerders na die naskoolhek in 30ste Laan gestuur word waar u kind binne die terrein vir u sal wag. Neem kennis dat alle leerders wat by die naskoolhek wag, dan onder ons naskool se reëls val wat dissipline betref en wat insluit die leerders mag nie in die skoolterrein rondloop nie, en ook nie in die wagarea speel nie. Ons doen 'n ernstige beroep op al die ouers/voogde om u kind wat by die naskoolhek wag, voor 14:30 te kom afhaal, anders moet u eerder oorweeg om u kind(ers) by die naskoolsentrum in te skryf.

**<u>FONDSINSAMELINGSPROJEK</u>**

- **<u>Sakkeprojek</u>**
  Ons dank u reeds vir u ondersteuning. Ons volgende sakke-uitdeel geleentheid vind plaas Woensdag, 16 April 2025 (6:30 – 8:00) per deurry-geleentheid. Ingang by die motorhek in 29ste Laan. Geen sakke word oorhandig sonder dat u sakkebestelvorm by u is nie. Geen sakke word uitgehou nie, geen sakkebestellings telefonies of per e-pos nie.

**<u>KULTUUR</u>**

- **<u>Sanggroep</u>**
  Ons herinner u aan die Stemopnames wat plaasvind Donderdag, 17 April 2025. Betrokke leerders het reeds 'n skrywe ontvang.
  - ❖ <u>Oefentye vir die komende week</u>
    - ✓ Maandag 13:30 – 14:15 (K. 49)
    - ✓ Woensdag 13:30 – 14:15 (K. 49)

- **<u>Revue</u>**
  - ❖ <u>Oefentye vir die komende week</u>
    - ✓ Maandag 13:45 – 15:15
    - ✓ Woensdag 13:45 – 15:15

- **ATKV-REDENAARS**
  Ingeskrewe leerders sal volgende week hul onderskeie datums en tye ontvang.

**SPORT**

- **Landloop**
  Die volgende inligting soos per e-pos aan alle graad 2- tot 7-ouers gestuur asook die afgelope Landloopinligtingsvergadering vir ouers/leerders.
  - ✓ Die laerskole landloopseisoen begin in kwartaal 3. Die datums vir hierdie landloopseisoen sal aan die einde van kwartaal 2 weer uitgestuur word.
  - ✓ Voorseisoen se deelname in kwartaal 2 is nie verpligtend vir al die leerders nie. Indien leerders hieraan wil deelneem, is dit elke ouer/voog se eie verantwoordelikheid om u kind self te neem na die byeenkomste.
  - ✓ Vir u kennisname is die onderstaande datums van toepassing vir die voorseisoen deelname. *(Let asseblief op datums wat verander het, asook die byeenkoms van Saterdag, 12 April 2025 wat afgestel is).*
    - ✗ Saterdag, 10 Mei 2025 — Fleur Primary School (Green Mile Club)
    - ✗ Vrydag, 16 Mei 2025 — TUT Pretoria-West Campus
    - ✗ Saterdag, 24 Mei 2025 — Irene Club
    - ✗ Vrydag, 30 Mei 2025 — Eldoraigne High School
    - ✗ Saterdag, 21 Junie 2025 — FPN (Venue sal bevestig word).

  - ❖ Oefentye vir die komende week
    - ✓ Maandag 15:00 – 16:00
    - ✓ Woensdag 15:00 – 16:00

    *(Let wel: Hierdie oefening is opsioneel in kwartaal 2).*

- **Skaak**
  Oefentye vir die komende week

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ Maandag | Graad 2 en 3 | (K. 65) | 13:30 – 14:15 |
| | Graad 4 – 7 | (K. 31) | 13:45 – 14:30 |
| ✓ Woensdag | Graad 2 en 3 | (K. 65) | 13:30 – 14:15 |
| | Graad 4 – 7 | (K. 31) | 13:45 – 14:30 |

- **Skole Bergfietsresies**
  Sien asseblief aangeheg die datums vir die Skole Bergfiets byeenkomste.

- **Netbal**
  - ➢ **Mandjie-netbal (o/6)**
    - ❖ Oefentye vir die komende week
      - ✓ Dinsdag 13:00 – 14:00
      - ✓ Donderdag Geen oefening weens langnaweek

  - ➢ **Mini-netbal (o/7 – o/9)**
    Rompies is nog nie beskikbaar by ons Villies-Klerehub nie, ons laat weet u sodra ons die voorraad ontvang.
    - ❖ Oefentye vir die komende week
      - ✓ Dinsdag 14:00 – 15:00
      - ✓ Donderdag Geen oefening weens langnaweek

- **Dogters o/10 – o/13**
  - Kliniek (C-spanne)
    Saterdag, 12 April 2025 by Maragon Olympus (8:00 – 11:30).
    - Dogters kom by die bus bymekaar in 30ste Laan (Naskoolhek).
    - Ons vertrek 7:15 en sal ongeveer 12:00 terug wees by die skool.
    - Onthou sonskerm, ‘n hoed en genoeg water.
    - Daar sal ‘n snoepwinkel wees.
    - Die dogters moet dit baie geniet en terug kom met baie nuwe kennis.

  - Oefentye vir die komende week
    - ✓ Maandag — o/10A tot -C, o/11C — 6:45 – 7:15 (Op skoolgronde by sirkels)
      o/11A+B — 6:45 – 7:15 (Oorbaan op grasbane)
    - ✓ Dinsdag — o/12A tot –C, o/13C — 6:45 – 7:15 (Op skoolgronde by sirkels)
      o/13A+B — 6:45 – 7:15 (Oorbaan op grasbane)

      - *Dogters kom skool toe met oefenklere en trek na oefening hul skoolklere aan.*
      - *Verdedigers se oggendoefening vir slegs Maandag en Dinsdag is gekanseleer vir volgende week.*
      - *Die doele oefen wel, maar op skoolgronde by die pale by die sirkels vir daardie twee dae.*

    - ✓ Donderdag — Geen oefening weens langnaweek

  - Wedstryde vir die komende week
    - ✓ Dinsdag — Laerskool Tuine (Weg)
      *(Alle dogters ry met die bus na Laerskool Tuine. Die bus vertrek om 13:00 by die tennisbane en sal ongeveer 17:00 terug wees by die skool).*

    Program:

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| **14:30 - 15:05** | o/10A | o/11B | o/12A | o/13B |
| **15:10 - 15:45** | o/10B | o/11A | o/12B | o/13A |
| ***Breek van 15 minute*** | | | | |
| **16:00 - 16:35** | o/10B (Tuine) vs o/10C (Vil) | o/11B (Tuine) vs o/11C (Vil) | o/12B (Tuine) vs o/12C (Vil) | o/13B (Tuine) vs o/13C (Vil) |

- **Rugby**
  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**
    Indien enige navrae, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.
    - Oefentye vir die komende week
      - ✓ Maandag — 17:00 – 18:00
      - ✓ Woensdag — 17:00 – 18:00

    - Opkomende wedstryde
      - ✓ Saterdag, 12 April 2025 — Laerskool Woodhill

  - **o/9- tot o/13-seuns**
    - Oefentye vir die komende week
      - ✓ Maandag — o/9 en o/10 — 15:00 – 16:00 (Alle spanne)
        o/11 tot o/13 — 16:00 – 17:00 (Alle spanne)
      - ✓ Donderdag — Geen oefening weens langnaweek

❖ **Wedstryde**
Alle spelers sal programme ontvang.
Ligawedstryde vir die komende week
✓ Dinsdag o/9A+B, o/10A+B, o/11A, o/13A tot -D
Laerskool Bakenkop (Tuis)
Wedstryde vir die komende week
✓ Dinsdag o/9C en o/11B Laerskool Elarduspark (Weg)

**VILLIES-GEBEDSGROEP (Villies-Ouers-Wat-Bid)**

Dit is 'n nuwe kwartaal en met dit 'n nuwe geleentheid om saam te kom bid vir ons skool. "Villies-Ouers-Wat-Bid" nooi elke ouer om saam met ons te kom bid.

✓ Elke Maandag- en Donderdagoggend (7:15 – 7:45).
✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq




**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**GRAAD R (2026)**

Moenie slaap nie, Villies. Graad R (2026) se aansoek om inskrywing is reeds oop en vele is alreeds ingehandig. Ons doen 'n beroep op ons huidige ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie 'n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee by ons kantoor.

**LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD**

Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u 'n Facebook "request" op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**VOORTREKKERS**

Sien aangeheg volledige inligting rakende die 2025-Voortrekkerseisoen. Hierdie is 'n buitemuurs wat nog aandag gee aan 'n verskeidenheid waardes en vaardighede.

**SKOOLDRAG**

'n Groot versoek vir elke ouerhuis, kom ons wakker weer daardie regte ou dae trots aan.
✓ Villiesdrag slegs op Vrydae, en op die dag wat die leerder LO-fisies het.
✓ Slegs swart skoolskoene saam met grys hemp en grys broek (of kaalvoet), en nie tekkies nie.
(Verwys na die Gedragskode voor in u kind se Villies-dagboek).

**SPORT**

- **Hekkies / Naellope (Afrigting)**
  Kontak asseblief mevrou Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies en naellope. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:
✓ Graad R – 2 13:00
✓ Graad 3 – 7 13:30

*(Indien daar 'n verandering aan 'n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word).*

**VILLIES-NASKOOLSENTRUM**

*Let wel: In hierdie paragraaf praat ons slegs van ons huidige ingeskrewe Laerskool Villieria naskoolsentrum leerders.*

Ons doen 'n beroep op ons naskoolouers se samewerking met hul naskoolleerders wat aan enige sport deelneem.

Die naskoolproses vir ons sportleerders by ons naskoolsentrum werk as volg:

- ✓ Al die naskoolleerders wat aan sport deelneem, tree na afloop van die sportoefening aan by die naaste boom by die groot hek in Ben Swartstraat aan die binnekant van die sportveld .
- ✓ Die leerders word dan eers by bogenoemde bymekaarkompunt afgemerk voordat hul teruggebring word skoolterrein toe.
- ✓ Tydens wedstryddae sal daar elke 30 minute 'n naskoolpersoneellid by die bome wees om die leerders terug te bring skool toe.

BAIE BELANGRIK: Indien u, u kinder(ers) direk na die sportoefening of wedstryd kom oplaai, vra ons dat u asseblief die naskool in kennis sal stel. Dit sal baie help met die kontrole van die leerders.

**OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**

Ons vra weer vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (07:00 – 14:15) en Vrydae (07:00 – 13:45).

**BROODJIEPROJEK**

Ons is bewus daarvan dat sommige gesinne tans finansieël onder druk verkeer en nie in staat is om daagliks vir hul kind(ers) 'n broodjie in te pak nie. Indien u tans in hierdie posisie is, vra ons dat u asseblief 'n versoekbriefie aan u kind se klasvoog stuur met u kind se naam, van en klas op. Dit sal ons in staat stel om die nodige reëlings te tref om 'n broodjie vir u kind(ers) elke 1ste pouse te voorsien.

**PARKERING**

- **Omliggende inwoners**
  As waarnemende hoof van Laerskool Villieria, vra ek asseblief elke ouer/voog se volgehoue samewerking met die volgende. Ek het verskeie klagtes ontvang vanaf omliggende inwoners rakende ouers/voogde wat parkering aanbetref tydens af- en oplaai van leerders voor- en na skool, asook tydens byeenkomste en geleenthede by die skool. Kan ek van u vra om asseblief nie voor- of gedeeltelik voor mense se ingangshekke te parkeer nie. Mense wat dringend in- en uit hul erf moet ry, word dan verhinder om dit te doen of bemoeilik. Indien 'n inwoner u vra om u voertuig te verwyder vanaf hul eiendom, respekteer dit asseblief en stop elders. Die skool streef nog altyd na 'n goeie gesindheid teenoor ons inwoners.

**VILLIES-KLEREHUB**

Die Villies-klerehub voorsien jou kind 100% van sy/haar skooldrag en Villiesdrag. Ondersteun ons winkel, so maak ons saam 'n verskil. Indien enige navrae rakende klere, krisisse en/of moontlike alternatiewe reëlings, kontak mevrou Corinda Sinden per e-pos by klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

- ✓ Winkelure (Maandae – Vrydae): 7:00 – 9:00
  *(Tensy tye vir 'n spesifieke dag verander, sal dit vroegtydig aan u gekommunikeer word).*

- **<u>Klerebank/Tweedehandse klere</u>**
  Neem kennis dat ons nie meer 'n klerebank het met tweedehandse skoolklere wat daagliks te koop is by ons skool nie. Ons het slegs die Klerehub soos bogenoemde.
  Indien ons skenkings van tweedehandse skoolklere kry, maak ons 'n datum aan u bekend per Nuusbrief wanneer die tweedehandse klere eenmalig uitgesit sal word om te koop vir belangstellende ouers.

**<u>FINANSIES</u>**

- **<u>EFT-Betalings</u>**
  Ons vra asseblief ernstig dat u sal let op die verwysing wat u gebruik met u EFT-betalings in die skool se rekening.
  Vir skoolgeld- en naskoolbetalings, maak seker u gebruik niks anders as slegs u familiekode.
  Vir ander betalings byvoorbeeld rugby- of netbalbetalings, let asseblief op die verwysing waarvoor gevra word in die onderskeie kommunikasie briewe.

- **<u>Onderriggelde</u>**
  As mens oor onderriggeld praat, raak enkele mense soms ongemaklik, MAAR hierdie is die jaar wat ek opnuut uit my hart vra, sien asseblief die noodsaaklikheid raak om jou kind(ers) se onderriggeld te betaal. Jou skool het die afgelope jaar of twee besondere maatreëls in plek gestel om kwaliteit onderrig te verseker, asook om geboue en terrein in 'n spogtoestand te hou. EN ALLES KOM MET 'N PRYS.

**<u>GEDAGTE VIR DIE WEEK</u>**




Villiesgroete

**A.J. GROBLER**
**WNMDE HOOF**

***<u>SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE</u>***




# WONNIE OPEDAG 2025

## ERVAAR DIE WONNIEHARTKLOP!

Die Hoërskool Wonderboom nooi met groot opgewondenheid al die Graad 7-leerders van 2025 uit om deel te word van iets besonders!

Spruite van 2026, dit is julle kans om die unieke Wonnie-gees self te beleef. Kom ervaar hoe dit voel om deel te wees van 'n skool waar ons een hartklop deel – vol tradisie, trots, geleenthede en samehorigheid.

**Datum:** Woensdag, 23 April 2025

**Plek:** Die Hoërskool Wonderboom

**Tyd:** 14:00 - 19:00

Hierdie dag is spesiaal saamgestel vir jou! Ontdek ons akademie, sport, kultuur en alles wat Die Wonnies uniek maak.

**Klik hier om te registreer:** https://wonnies.co.za/wonnieopedag/

Sluit aan by ons groot Wonnie-familie en kom sien waarom **Spruite van 2026** reeds deel is van ons toekoms.

**LET WEL:** Slegs die **eerste 200 leerders** wat registreer, sal 'n **spesiale Opendag-pakkie** ontvang.

# Die Voortrekkers

*Die jeugorganisasie vir leierskapsontwikkeling vanaf graad R-12*

AFRIKANERSKAP · BURGERSKAP · CHRISTENSKAP · DIENSBAARHEID



## DIE VOORTREKKERS BIED:

# Kultuur in die natuur deur avontuur
# Blywende vriendskappe
# Wonderlike kampervarings
# Mentorskap
# Veilige spasie vir ontwikkeling
# Kundige volwasse leiding
# Gesonde kompetisie
# Onvergeetlike ervarings
# Meer as 200 spesialisasies (kortkursusse)

## DIE VOORTREKKERS BEVORDER:

# Afrikaans
# Bybels-Christelike waardes
# Gemeenskapswaardes
# Nuttige lewensvaardighede
# Eiewaarde
# Spanwerk
# Dinamiese leierskap
# Positiewe burgerskap
# Liefde vir die natuur

HOU KOERS

DELTA Voortrekkers
Kontak ons gerus:
083 709 9588 / 082 507 2518- Corike Malan
Email : delta@voortrekkers.co.za
www.delta.voortrekkers.co.za
facebook: Die Voortrekkers: DELTA

Maandae
17:00-18:00

**hou KOERS!**




## 27 JUNE | 18:00 PM
## R120.00 PER PERSON

**VALLEY METHODIST CHURCH**
**1017 BEN SWART STREET, VILLIERIA, PRETORIA**

**MORE INFO**
Stephenie: 0827662471
Andrew: 0792814864
Email: stephenie@valleymethodistchurch.co.za

**Order your tickets today / Bestel vandag nog jou kaartjies**

**Gates open 17:00 / Hekke open 17:00**

**Shop available / Winkel is beskikbaar**